

**9 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 25:14-46 (NAV)**

**Mooi so, goeie en getroue slaaf!**

Die Bybel leer ons dat ons slegs deur die geloof in Christus gered kan word. Daar is geen verdienste aan ons kant nie (Ef 2:8,9). Maar daarby hou God se plan met ons nie op nie. Hy rus ons juis deur hierdie verlossing toe vir ons dienswerk (Ef 2:10). Dit is ontstellend om te sien hoeveel Christene passief is. Hulle luister gereeld na preke en ontvang huisbesoek. In plaas daarvan om self die evangelie uit te dra, gee hulle liever bydraes. Dit is hierdie passiewe geloof wat baie niksvermoedende kerkmense in die ystervuis van God sal laat vasloop.

Die Heilige Gees rus jou toe met die vrug van die Gees – daardie pragtige eienskappe van Jesus Christus (Gal 5:22) wat van jou 'n aangename mens met invloed maak. Maar Hy het ook aan jou besondere gawes gegee waarmee jy ander mense – gelowig en ongelowig, vriend en vyand – moet dien (1 Kor 12:4,7; Gal 6:10). Jou lewe op aarde moet 'n verskil maak!

Weet jy met watter gawes die Here jou toegerus het?

Sien jy die nood van jou medemens raak? Doen jy, sover dit in jou vermoë is, iets daaraan? Jou diens aan ander is die vrugte van 'n ryp geloof. Wees getrou en jy sal ook met die koms van Christus hoor: "Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf..." (Matt 25:21).

*Sing: Skrifberyming 38:2,3*

*Ds APC Duvenage (Emeritus)*